STRAATWERK

Winter 2011
Volume 43 Nr. 3

IN HIERDIE UITGAWE

Hy het onder ons kom huis opsit 1

Walk on Water 2

Projek Winterhoop 2011 3

Waardevol vir Jesus in Hoopstad... 4

Bid saam met ons regdeur die nuusbrief

Hy het onder ons kom huis opsit

(Joh. 1:14)

Plekke van sement en steen is nie sy tuiste nie; mense met splinternuwe harte is.

Dié wat Christus navolg, is nuwe woonplekke van God. Sy Gees verander hulle in sy nuwe aardse adresse. Kerkgeboue is dus maar net tydelike bymekaarkomplekke vir God se lewende huise. Daarom bly kerkgeboue dolleeg agter wanneer die lewende tempels van God die terrein verlaat. Kerkwees hou volstoom aan wanneer gelowiges gedurende die week in die Here se diens staan op elke plek waar hulle hul bevind.

Jy ken verskilmakende Christene uit aan hulle diensknegklere, want hulle weet dis die enigste wettige kerklike werksdrag.

Alle gelowiges is immers voltydse geroepenes in die Here se aktiewe diens. Eers wanneer mense daagliks deur Jesus se volgelinge gedien word, maak ons besoeke aan kerkgeboue op Sondae regtig sin. Dan is kerkwees van Maandag tot Sondag een groot simfonie; 'n weeklange erediens tot eer van God wat nooit ophou nie. Dan word die ganse lewe 'n gimnasium en hospitaal tot eer van God. Dan werk die kerk daagliks waar dit saak maak.

Dis is ongelukkig dat dit van kleins in ons kerklike DNS ingeprent is, is dat die kerk gelyk is aan geboue en ampsdraers.

By Straatwerk glo ons dit is deel van ons roeping om gelowiges in die veld (in ons geval op die straat) te kry. Uit ervaring weet ons daar iets in gelowiges se lewens gebeur as hulle uitgaan om prakties diensbaar te wees en te gee van hulleself. Eredienste, selgroepbyeenkomste, bybelstudies is daar om gelowiges hiervoor voor te berei.

Groei in die kerk beteken nie om nog meer mense noodwendig op die kerkbanke te kry nie, maar meer navolgers van Jesus wat aktief teenwoordig is in God se wêreld. Groei is gelyk aan meer navolgers van Jesus wat op vingerafdrukvlak betrokke raak by armoede, ons omgewing, besoedeling, noem maar op. Kerkgroei in ons millenium gaan natuurlik nie oor hoeveel lidmate op die boeke is nie, maar oor die aantal egte verhoudinge wat navolgers van Christus binne en buite die kerk het.

Ek glo ons sal gemakliker wees om uit te reik na ander as ons nie meer 'n onderskeid tref tussen minder geestelike gesprekke en meer geestelike gesprekke nie. Daarom dink ek nie dit is meer geestelik as ek oor die Here praat, of minder geestelik as dag-tot-dag-dinge, soos werk, ontspanning, familiewees en die wêreld waarin ons leef ter sprake is nie. Ons lewe is nie in afsonderlike kompartemente ingedeel nie. Daar bestaan nie 'n skeiding tussen godsdiens en die res van my lewe nie. As ek vir die eerste keer oorskakel na 'n geestelike rat wanneer ek oor die Here begin praat, verskraal ek my siening van Hom.

Jesus se leringe vind binne die konteks van die regte lewe plaas. In die oop veld; langs die See van Galilea; in woonhuise soos dié van Petrus in Kapernaum – daar waar mense elke dag leef en werk, onderrig Jesus mense oor God se koninkryk. Jesus se taal was deurspek met lesse uit die alledaagse lewe en bevat dinge soos boere, saad, brood, wingerdstokke, tollenaars ens.

Mag Hy wat in ons woon ons help om in die gewone gang van die lewe Sy liefde uit te leef.

Groete, van Fourie Truter en almal by STRAATWERK

Walk on Water...

Lisa Truter

Walk on Water... hmmm, dit klink na 'n wonderwerk, en glo my, dit is. Hoenderlewertjies op twee DIK snye brood teen R4,50 is 'n wonderwerk, so ook pap en vleis teen R6,00. Gary en Carmen by Walk on Water glo dat 'n mens nie net van 'n chip roll en vetkoek alleen kan lewe nie. Voedsame, bekostigbare etes is die wagwoord by hierdie kafeteria.

Gary het vir jare 'n klein kafeteria bedryf in die middestad van Kaapstad, maar weens redes buite sy beheer kon hy nie meer langer in daardie spesifieke gebou gehuisves word nie. By Walk on Water is mense vir jare bedien met toebroodjies en pannekoeke en ook met die Woord. Geen mens kan tog van brood alleen lewe nie. Gary en Straatwerk se paaie het gekruis en siedaar: 'n basiese kafeteria in ons eie OPHELP Projekte se depot in Roelandstraat. Die spyskaart is onderhewig aan beskikbaarheid en elke dag lewer 'n verrassing op.

Met my eerste besoek het ek 'n wonderlike koppie rooibostee gedrink om die innerlike te verwarm. Met my tweede besoek aan die kafeteria het ek soos 'n nat (en koue) hoender daar aangekom en Gary het dadelik vir my 'n bakkie chilli con carne gegee. Binne oomblikke was ek nie meer so pieperig koud en jammer vir myself nie. 'n Wonderlike bakkie trooskos op 'n triestige dag en om alles te kroon staar 'n mens nie na dié ete bankrotskap in die oë nie. En moenie die los lekkertjie of twee vergeet voordat jy weer die koue strate aandurf nie.



Bo: Gary en Carmen. Onder: "Dr" Pickering.

DIE SPYSKAART:

Sop (Dr Pickering se voedsame brousel)	R3,00
Hoenderlewertjie met vie en 2 DIK snye brood	R4,50
Polonie met 2 DIK snye brood en sous	R4,50
Dubbel warmbrakkie op 'n kwart brood	R6,00
Pap en vleis	R6,00
Chilli con carne in 'n broodjie	R6,00
500 ml Jive koeldrank	R5,00
Koffie of tee	R3,50
Vrugte per stuk	R1,00
Kookwater	50c
Los lekkers	20c per stuk

En nog baie ander lekker dinge...

Die kafeteria bied kos teen 'n bekostigbare prys aan om deelneemers aan OPHELP Projekte aan te moedig om voedsame kos te eet en om hulle swaarverdiende rande te laat rek.

Ons benodig die volgende op items op 'n gereelde basis:

- koffie, tee;
- suiker;
- melkpoeier/Cremora;
- gevriesde hoenderlewertjies;
- vars groente (uie, tamaties, sopgroente ens.);
- blikkies tamatie;
- lekkers;
- fomo koppies en bakkies en lepeltjies.

OPHELP Projekte is nie "werkskepping" vir werklose persone nie, maar die rehabilitering van persone wat nog nie kwalifiseer of in staat is om produktief en verantwoordelik op te tree nie. OPHELP Projekte help desperate persone (meestal hawelose mense wat op die straat leef) om "kontant in die hand" te verdien deur harde werk, as alternatief vir aggressiewe bedelary, diefstal en ander misdaad. (Vir 'n volledige verduideliking gaan besoek gerus *www.straatwerk.org.za*)

Projek Winterhoop 2011

STRAATWERK het weereens hierdie jaar aan Projek Winterhoop deelgeneem en is dankbaar vir almal wat ons ondersteun het. Projek Winterhoop 2011 was 'n spontane insameling van kos, klere (truie en ander warm goed) en komberse en is aan mense in nood uitgedeel. Dit was 'n landswye gesamentlike poging tussen deelnemende kerke en instansies. Media instansies soos Monitor (RSG), Die Burger, Volksblad en Rapport het mense gedurende hierdie tydperk spesifiek aangemoedig om by die nood van armes betrokke te raak.

Met die uitdeel van die goedere gedurende die dag, asook vele male in die nag, het ek wel oor een ding gewonder: Op watter punt hou 'n mens se oorlewingsdrang op? Wanneer raak 'n mens so desperaat moeg vir koud kry en honger ly en sukkel, dat mens net oorgee of dalk opgee? Of is daar 'n punt wat jy oorsteek wanneer die sukkel om te oorleef in 'n desperate dierlikheid verander?

Geen mens moet op die straat bly nie. Die strate en brûe waaronder tientalle mense in die middestad van Kaapstad bly is net eenvoudig nie geskik vir huis opsit, snoesig slaap en kos kook nie. Die kreatiewe nedersettings van hawelose mense wat elke nou en dan opspring – om net 'n paar weke later deur die sekuriteitsbeamptes afgebreek te word – laat die hawelose mense in Kaapstad sonder 'n rusplek vir hulle moeë liggame. Die nagskuilings is daar, OPHELP Projekte is daar, die kerke is daar, almal wil help, maar... die lewe is nie so eenvoudig nie. Vir baie van die haweloses is die straatlewe die enigste lewe wat hulle ken en vertrou. Baie van hulle is ondernemend, manipulerend en slinks, ander is hooploos, moedeloos en hartseer. Die meeste van hulle is verslaaf aan een of ander iets wat die lewe darem draaglik maak (en die skerp punte van die winterkoue 'n bietjie versag).

Hoe nou gemaak met dié mense wat oënskynlik nie hulle samewerking wil gee nie? Hulle wat nie wil verander nie? Hulle oor wie ons nooit 'n "suksesstorie" sal kan skryf nie en diegene wat hulle alreeds oorgegee het aan die desperate dierlikheid van hulle menswees?

Geloof, hoop en liefde. En die grootste hiervan is die liefde. Dis al. Soms sit die liefde in 'n kombers, soms in 'n paar warm handskoene of in daardie keurig gebreide wintersmussies. Die hoop beskaam nie. Nooit nie.

Waardevol vir Jesus in Hoopstad

Die *Waardevol vir Jesus-veldtog* is ongeveer vier jaar gelede van stapel gestuur hier in Kaapstad om kinders te waarsku teen seksuele misbruik, prostitusie en pornografie. Die program word aangebied in laer- sowel as hoërskole en het uitgebrei na ander dele van ons land. Dit is altyd 'n groot voorreg om e-posse van die koördineerders te kry waarin hulle verduidelik hoe die veldtog in hulle omgewing vorder.

Elsabe du Plessis van Hoopstad is tot die *Waardevol vir Jesus-veldtog* geïnspireer deur 'n koördineerder van Bultfontein, Mariette Helmuth en getuig dat bykans 60 poppies deur drie wonderlik tannies in Hoopstad se tehuis vir bejaardes gebrei is, maar dat dit maar net die begin was. Nog gewillige hande het kom aanmeld en hulle kom nou weekliks by Tikwana se Bybelskool bymekaar waar hulle kuierkuier brei, opstop en gesiggies maak. Die aantal poppies het met rasse skrede toegeneem...

Verder het Hoopstad se *Quilting Bees* ook besluit om deel te neem aan die vervaardiging van poppies vir die *Waardevol vir Jesus*-projek. Hulle maak poppies van lap en trek hulle dan pragtig aan.

Op 23 Julie, die dag voor die skool gesluit het, het hulle die eerste skool, Tikwana Bible School, besoek met die veldtog en 70 graad R-leerders kon die boodskap hoor. Elsabe sê: "...die Here was goed vir ons met die eerste keer, hulle was baie soet en toeganklik. Ons gebed is nou om die derde kwartaal te probeer om ten minste al die laerskole in die omgewing se graad een tot sewe leerders te bereik".

Dit is wonderlik om te sien hoe mans en vroue van regoor die land saamstaan om in hulle eie gemeenskappe 'n verskil te maak.

Ons benodig nog koördineerders in baie van die dorpe en stede van ons land.

Gaan besoek gerus *www.straatwerk.org.za* vir meer inligting oor hierdie veldtog of skakel vir Madri Bruwer by 021 930 8055.)

Van bo na onder: Elsabe du Plessis is omring deur die ouetehuis se poppies.

Ennie Moleleke (regs) en haar moeder Sanna Mothobi, is van die vlytige breisters .

Elsabe Du Plooy (links) een van die drie spanlede tydens 'n aanbieding in Tikwana met die doel om nog volwasse spanlede te werf.

STRAATWERK

Die liggaam van Christus in Aksie

Posbus 910
Parow
7499
Tel: +27 21 9308055
Faks: +27 21 9307690

E-pos: admin@straatwerk.org.za
Registrasienr. NPO 003276
ABSA takkode: 502110
ABSA rekeningnr: 450800457

Die liefde van Christus dring ons!